DEEL EEN RIGLYNE VIR DIE UITLEG VAN WETTE

Hierdie gedeelte word in twee dele aangebied. **Deel Een** handel oor die **teorie** van die vakgebied Uitleg van Wette terwyl **Deel Twee** oor die **praktiese toepassing** daarvan gaan.

1. INLEIDING

Uitleg van wette, of meer korrek gestel, die juridiese interpretasie van wetgewing, is 'n uitgebreide vakgebied wat haas **elke faset van die reg** betrek. Omdat dit oor so 'n wye gebied strek bestaan dit uit 'n menigte reëls en metodes wat ongelukkig nie netjies georden of in kompartemente afgebaken kan word nie. Dit is daarom geensins verbasend dat regstudente oor die algemeen, uitleg van wette as een van die moeilikste kursusse beskou nie.

Soos die titel aandui het hierdie afdeling te make met die interpretasie van **wetgewing.** In die bespreking in Afdeling A is uitgebrei op wetgewing as 'n **bron** van die **onderwysreg** en daar is ook genoem dat statutêre reg (geskrewe reg) die vernaamste bron van onderwysreg is aangesien dit openbare onderwysstrukture instel en die organisasie, bevoegdhede en optrede daarvan reël.[1]

Aangesien die bevoegdhede en werksaamhede van onderwysorgane primêr op onderwyswetgewing berus, is dit noodsaaklik dat onderwysers

[1] Kyk weer na die bespreking oor wetgewing as 'n **bron** van die onderwysreg asook administratiewe **wetgewende** handelinge.

kennis dra van die vakgebied, **uitleg van wette.** Die skoolhoof sal onderwyswetgewing, hetsy dit **sentrale** of **ondergeskikte wetgewing** is, raadpleeg ten einde die aard en omvang van sy bevoegdhede vas te stel; die onderwyser moet weet wat sy statutêre bevoegdhede en pligte teenoor sy onderwysberoepsraad of die onderwysdepartement behels; die superintendent (inspekteur) raadpleeg onderwyswetgewing om vas te stel hoe hy teenoor skoolhoofde of onderwysers moet optree; die direkteure van onderwys of ander interne hersieningsliggame moet voorgeskrewe maatreëls nakom wanneer teenoor ondergeskikte onderwysamptenare opgetree word. Uitleg van wette kom dus nie slegs in **probleemgevalle** ter sprake nie maar word bewustelik of onbewustelik, **gelyktydig met die toepassing** van wetgewing beoefen.

Die burgerlike **howe (regsprekende gesag)** is die wetsuitleggers van formaat: deur regspraak word gesaghebbende beslissings wat bindend op die ander laer howe is, gevel. Hierdeur word uitlegbeginsels en -reëls op 'n gesaghebbende wyse deur hofbeslissings neergelê. Binne die **interne onderwyssfeer** word wetsuitleg op 'n daaglikse basis deur feitlik **alle onderwysamptenare** beoefen: dit is onnodig om te sê dat almal ook deeglik bewus is van die netelige probleme wat daaruit ontstaan. Baie van hierdie lastige kwessies kan egter toegeskryf word aan onkunde op hierdie vakgebied.

In die bespreking wat volg word gepoog om die teoretiese vakgebied van uitleg van wette af te baken en die praktiese toepassing daarvan te verduidelik. Die aanbieding is geensins volledig nie maar skep slegs 'n breë raamwerk wat met bykomende literatuur in die bronnelys aangevul moet word.

2. DIE AARD EN OMVANG VAN UITLEG VAN WETTE

Binne die teoretiese struktuur van uitleg bestaan 'n verskeidenheid **uitlegreëls wat in aard en omvang** verskil. Sekere reëls kan tereg **regsreëls** genoem word omdat die oorsprong of **bron** daarvan in wetgewing, die gemene reg of regspraak te vinde is.[2] Ander uitlegreëls is weer bloot **logiese**

---

[2] Die Interpretasiewet 33 van 1957 is onder andere, 'n belangrike bron van uitlegreëls; die toepassing van regsvermoedens, wat uit 'n gemeenregtelike bron kom, vorm ook 'n belangrike bron; hofbeslissings van die Hooggeregshof rakende uitleg van wette, skep bindende uitlegreëls, byvoorbeeld: **Dadoo Ltd v. Krugersdorp Municipal Council** 1920 AD 530 oor die toepassing van die letterlike reël; **Klipriviersoog Properties (Edms) Bpk. v. Gemeenskapsontwikkelingsraad** 1984 3 SA 768 (T) waar woordwysigende uitleg toegepas is ten einde gevolg te gee aan die duidelike oogmerk van die wetgewing.

reëls, riglyne of **toetse** wat slegs onder bepaalde omstandighede toegepas word.[3] Hoe dit ookal sy, hierdie uitlegreëls vorm die **teoretiese norme** of **werkgereedskap** waarmee die uitlegger – hetsy die regter in die hof of die skoolhoof – die **oogmerk** van wetgewing moet bepaal. Om dus die juridiese betekenis van wetgewing te verstaan, moet die wetsuitlegger die **reëls van wetsuitleg** toepas.

Die uitleg van wette is dus gemoeid met die beginsels, reëls, metodes en tegnieke wat wetsuitleggers gebruik om wette te verstaan. In die **uitlegproses** word die **teoretiese reëls** en **metodes** dan gebruik ten einde **praktiese probleme** op te los of te verduidelik. Die praktiese toepassing of **konkretisering** van die teoretiese reëls en metodes vorm dus die vernaamste faset in die uitlegwerkswyse.

Opsomming

Die vakgebied van uitleg van wette, het te make met die juridiese betekenis van wetgewing. Wetgewing is 'n belangrike bron van uitleg en die soorte wetgewing moet ondersoek word.

In die soeke na die juridiese betekenis van wetgewing, maak die wetsuitlegger van die teoretiese reëls en metodes gebruik om 'n praktiese probleemsituasie op te los of te verduidelik. Sekere tegnieke moet bemeester word sodat hierdie teoretiese middels op die korrekte wyse op die konkrete situasie toegepas kan word.

Die doel of oogmerk van die wetgewing is 'n deurslaggewende faktor in die uitlegproses: alle uitlegreëls en ander hulpmiddels moet met hierdie doel voor oë aangewend word.

3. TEORETIESE STRUKTUUR VAN UITLEG VAN WETTE

Die teoretiese basis van uitleg van wette is opgebou uit die verskillende uitlegreëls en ander interne en eksterne hulpmiddels wat in die uitlegproses

---

[3] In **Sutter v. Scheepers** 1932 AD 173 sê die hof dat die toetse wat neergelê word vir die vasstelling van gebiedende en aanwysende statutêre bepalings, bloot as riglyne by die vasstelling van die bedoeling van die wetgewer gebruik moet word.

gebruik word. Die **ratio** vir die toepassing van hierdie reëls is om die **duidelike oogmerk** van die wetgewing vas te stel. Tereg word gesê dat wetgewing met 'n spesifieke **doel** voor oë aangeneem word en juis dáárom moet die vasstelling van die betekenis daarvan deur die wetsuitlegger, 'n **doelgerigte** aktiwiteit wees.[4]

Soos hierbo genoem is word daar in die uitlegproses van bepaalde werkswyses gebruik gemaak. Die teoretiese norme, reëls en metodes vorm die werkgereedskap wat op **bepaalde wyses** gebruik moet word: dit beteken dat die **tegnieke** van wetsuitleg verstaan en bemeester moet word. Ten einde hierdie tegnieke te verstaan moet die **teorieë** wat die basiese reëls en metodes onderlê, ondersoek word.

3.1. Die eng of suiwer tekstuele benadering

In gewone omgangstaal kan gesê word dat die tekstuele benadering die betekenis van die **woorde in die teks** is. Dit volg dat die betekenis van die **geskrewe woord** deurslaggewend is. Verder word gesê dat woorde 'n **gewone alledaagse** betekenis moet dra omdat dit primêr in alledaagse omstandighede werking het, en verstaanbaar moet wees vir die gewone man. Aangesien die wetsuitlegger, om redes wat hieronder genoem word, nie betekenis in die woorde kan "inlees" nie, het 'n benadering ontwikkel dat **gewone, alledaagse** betekenis eintlik 'n **letterlike** betekenis is.

Die standpunt was dat die **bedoeling van die wetgewer** vasgestel moet word uit die **woorde** wat in die teks gebruik word: die wetsuitlegger kon nie **buite** die teks van die wet gaan nie en **bedoeling** moes dus volgens hierdie benadering, gelykgestel word aan die **letterlike betekenis.**[5] Indien die gewone betekenis van die teks nie sin maak nie of verwarrend is, moes die wetsuitlegger (gewoonlik die howe) die wetgewing terugverwys na die wetgewer om **self** die wysiging aan te bring.

Baie **kritiek** is oor die jare heen teen hierdie eng wyse van uitleg geopper. In hierdie verband kan die volgende punte genoem word:

---

[4] In **Jaga v. Dönges** 1950 4 SA 653 (A) sê die hof dat die teks ontleed moet word in die lig van die algemene beleid en oogmerk van die wetgewing; in **R v. Westenraad** 1941 OPD 103 word die verskillende bepalings van 'n ordonnansie uitgelê en versoen met die uitdruklike of duidelike doel van die wetgewing.

[5] Hierdie opvatting strook ook met die **skeiding van magte**-leerstuk waar die wetgewer (as die **hoogste** wetgewende gesag) verantwoordelik is vir wetgewing en die wetsuitlegger vir die interpretasie daarvan. Die uitlegger is dus gebonde aan die teks van die wet en mag nie ander woorde of sinsnedes inlees of weglaat nie.

- die geskrewe woord is slegs **'n middel** (of medium) om betekenis oor te dra maar dra **op sigself** nie betekenis nie. Woorde word binne 'n bepaalde **konteks** of **taalstruktuur** gebruik en kan nooit geïsoleerd uitgelê word nie;[6]

- die **bedoeling** van die wetgewer is van primêre belang maar mag nie met die **letterlike reël** gelykgestel word nie.[7] Volgens die eng beskouing word **bedoeling** verskraal tot 'n uitlegreël terwyl dit in werklikheid die **verwysingsraamwerk** waarbinne die **oogmerk van wetgewing** vasgestel word, moet wees;[8]

- die **bedoeling** (gesindheid) van die **wetgewer** berus op 'n **regsfiksie** want die **subjektiewe gesindheid** – wat subjektiewe toetse vereis – van 'n **saamgestelde liggaam,** kan kwalik vasgestel word. Wanneer wetgewing deurgeloods word is daar selde eensgesindheid daaroor en die lang ingewikkelde wetgewingsproses maak dit moeilik om vas te stel op watter stadium 'n bedoeling, en wie se bedoeling, as maatstaf geneem moet word.[9] Die "bedoeling van die wetgewer" moet dus slegs gesien word as 'n **denkbeeldige konstruksie** om die **optrede** van die wetgewer te verklaar en dit binne die **verwysingsraamwerk van die oogmerk van die wetgewing** te plaas;

---

[6] Daar word gesê dat woorde, sinne en selfs die hele teks nie op sigself betekenis dra nie ten spyte van die sorgsaamheid waarmee die wetsopsteller dit gefraseer het. Die teks moet dus in konteks uitgelê word.

[7] Volgens die eng benadering moet die betekenis van die teks gevind word in die "bedoeling" (of die idee) van die wetgewer wat **agter** die taal of woorde verskuil is. Verkeerde of ongepaste woorde word egter dikwels gebruik om idees oor te dra en daarom kan woorde of taal nie altyd die **ware simbole** van bedoeling of gedagtes wees nie.

[8] Daar is talle voorbeelde waar hierdie eng "bedoeling" van die wetgewer, weens die tekortkominge van die geskrewe woord, nie die werklike bedoeling (in die wye betekenis van **doel** van wetgewing) oorgedra het nie. In **S v. Kukarie** 1972 2 SA 907 (O) erken die hof dat hy die wetgewer, as gevolg van die gebruik van verwarrende en dubbelsinnige woorde, nie verstaan nie en daarom was dit feitlik onmoontlik om die ware bedoeling vas te stel. Indien die hof in **Dadoo Ltd v. Krugersdorp Municipal Council** 1920 AD 530 wel die bedoeling van die wetgewer kon verhef tot die doel of oogmerk van die wetgewing, sou die **werklike bedoeling** geseëvier het. Omdat die bedoeling egter in die letterlike betekenis van die woorde gesoek is, en die hof nie sogenaamd, "regskeppend" te werk kon gaan nie, moes die saak na die wetgewer terugverwys word om 'n wysigingswet aan te neem wat die woorde en betekenis van die teks kon regstel. Die "nuwe" bedoeling in die wysigingswet strook toe met die werklike bedoeling soos dit oorspronklik in wye konteks deur die howe gesien is maar nie toegepas kon word nie.

[9] Dink maar aan die opposisieparty met al sy lede wat 'n bepaalde wet teëstaan; parlementariërs wat afwesig is tydens die deurloodsing daarvan. Verder moet in gedagte gehou word dat die wetgewer nie self die wetsopstelling doen nie maar dat spesialisliggame daarvoor verantwoordelik is.

– **bedoeling** van die wetgewer kan **nie** as die hoof of **deurslaggewende doel** in die uitleg van wette gesien word nie. Die bedoelingsteorie skep die indruk dat sodra die wetgewer gespreek het, die howe enige **skeppende magte** wat hulle wel mag hê, verloor. Hierdie benadering ('n streng **positivistiese** siening wat op die **geskrewe** reg klem lê), verwerp dan enige skeppende invloed in die reg en weier om enige bykomende regswaardes en geregtigheid wat tot voorkoming van **onbillikheid en onregverdigheid** mag lei, by te voeg.[10]

3.2. Die wye kontekstuele benadering (teleologiese of funksionele benadering)

Hierdie uitlegbenadering is ontvanklik vir die **oogmerkgerigte aard** van wetgewing en ander **doelgerigte** benaderings. Die **bedoeling** van die wetgewer neem steeds 'n belangrike plek in maar binne die **breë** betekenis daarvan: met ander woorde, bedoeling word vasgestel **binne die trefwydte** van die **onderliggende oogmerk van wetgewing.** Anders gestel, die oogmerk van wetgewing is die deurslaggewende faktor by die vasstelling van die wetgewersbedoeling.

In die kontekstuele benadering word die **oogmerk** van die wetgewing verkies bo die **bedoeling** van die wetgewer in die **eng** betekenis. Dit dui op 'n wegswaai vanaf 'n **subjektiewe bedoeling** van die **wetgewer** na 'n meer **objektiewe doel** (oogmerk) van **wetgewing.** Laasgenoemde **objektiewe doel of oogmerk** vorm dan die vaste **teoretiese grondslag** vir uitleg van wette.[11]

Om wetgewing in **breë verband** of konteks te sien, beteken dat 'n breë **kontekstuele raamwerk** vanuit die **staanspoor** van die uitlegproses erken moet word.[12] Volgens die tekstuele benadering kon slegs van die

---

[10] So 'n streng uitgangspunt ontken dan, onder andere, die toepassing van gemeenregtelike reëls in die uitlegproses. U sal later sien watter belangrike rol **regsvermoedens** (gemeenregtelike reëls) in uitleg behoort te hê.

[11] Om die teoretiese struktuur vir uitleg op 'n subjektiewe bedoelingsbasis te grond, kan tot probleme lei en sal die ontwikkeling van verbeterde uitlegtegnieke verhinder.

[12] Hierdie breë benadering volg dus 'n teenoorgestelde werkswyse: in die tekstuele benadering is die eerste stap in die uitlegproses die vasstelling van die letterlike betekenis soos dit in die eng beskouing van bedoeling gevind word, sonder inagneming van enige ander **omringende omstandighede** of **verbandhoudende aangeleenthede.** Die kontekstuele benadering begin egter uit die staanspoor met die wye konteks van wetgewing waarby alle **intra-tekstuele en ekstra-tekstuele** omstandighede en aangeleenthede in ag geneem word.

letterlike betekenis afgewyk word in die **uitsonderlike** gevalle waar die woorde nie bedoeling weerspieël of in gevalle waar belaglike gevolge sou intree wat in elk geval nie die wetgewer se bedoeling kon wees nie.[13]

Die oogmerk- of doelgerigte benadering voorsien 'n **balans** tussen die grammatikale (letterlike) en die algehele kontekstuele betekenis. Dit kan die **voortdurende tydsraamwerk** waarbinne wetgewing werking het, akkommodeer en ag, onder andere, die buigsaamheid en eienaardighede van taalgebruik, historiese aspekte en voorafgaande besprekings as waardevolle **hulpmiddels** by die uitleg van wette.

U moet in gedagte hou dat die howe nie eensgesind is oor die interpretasie van **bedoeling van die wetgewer** nie. In sekere sake word bedoeling in die beperkte betekenis uitgelê terwyl bedoeling in ander gevalle weer in kontekstuele verband vertolk word.[14]

Opsomming

Uitleg van wette is 'n doelgerigte aktiwiteit waarin sekere werkswyses en tegnieke deur die uitlegger bemeester moet word.

Die teoretiese struktuur van uitleg is op verskillende teorieë gebaseer waarvan die een die eng tekstuele benadering is. Volgens hierdie benadering word die letterlike betekenis van die geskrewe woord met die bedoeling van die wetgewer gelykgestel: die bedoeling word dus in werklikheid in die letterlike betekenis opgesluit. Die kritiek wat teen hierdie benadering gelig word hou verband met die tekortkominge van afsonderlike woorde as betekeniseenhede en die verlaging van die status van "bedoeling van die wetgewer".

---

[13] Die hof het naamlik in **Du Plessis v. Joubert** 1968 1 SA 585 (A) beslis dat woorde hulle alledaagse betekenis dra **tensy** dit met die bedoeling van die wetgewer bots. Die bedoeling van die wetgewer moes dan vasgestel word deur die wet in sy geheel uit te lê asook die omringende omstandighede in ag te neem. Sodra dit vasgestel is mag daar van die gewone letterlike betekenis afgewyk word mits die teks vatbaar is vir 'n ander betekenis. In die **Jaga**-saak hierbo, het die minderheidsuitspraak (wat slegs oorredingskrag het) die uitlegproses binne 'n kontekstuele raamwerk erken.

[14] In baie gevalle is dit ook moeilik om vas te stel hoe "bedoeling" vertolk word: daar word soms gepraat van die **bedoeling van die wetgewing** wat eintlik 'n kombinasie van die twee elemente (subjektief en objektief) bevat. In die jongste hofbeslissings wat oor die regering se noodmaatreëls handel en waar ondergeskikte wetgewing (proklamasies deur die Staatspresident) uitgelê moes word, sal u baie goeie voorbeelde kry van hoe die hof die betrokke wetgewing binne die kontekstuele verband uitlê: kyk veral na **State President and Others v. Tsenoli** en **Kerchhoff v. Minister of Law and Order** 1986 4 SA 1150 (A).

Die wye kontekstuele of teleologiese benadering verkies 'n wye verwysingsraamwerk wat ook ekstra-tekstuele aangeleenthede en omstandighede insluit en waarin die "bedoeling van die wetgewer" verhef word tot die verwysingsraamwerk waarbinne die "oogmerk van wetgewing" gevind moet word. Op hierdie wyse word die leemtes wat deur "bedoeling" as 'n subjektiewe maatstaf gelaat word, oorbrug by wyse van die koppeling daarvan met 'n objektiewe doelgerigte of oogmerktoets.

In baie gevalle is dit onduidelik watter benadering deur die howe gevolg word en soms word 'n uitlegproses wat elemente van beide benaderings bevat, gevolg. Die wye, kontekstuele metode word egter verkies omdat dit 'n breër verwysingsraamwerk voorstaan en derhalwe voldoende geleentheid bied vir behoorlike aandagbesteding aan elke stadium in die uitlegproses. Billike en regverdige optrede moet immers die onderbou van die uitleg van wette vorm.

4. GRONDREËLS BY DIE UITLEG VAN WETTE

Of die wetsuitlegger nou die suiwer tekstuele of wye kontekstuele benadering volg, is daar sekere **grondreëls** wat toepassing vind in die uitlegproses. In baie gevalle is sekere van hierdie grondreëls deur wetsuitleggers in die suiwer tekstuele benadering, op **'n verkeerde wyse** of glad **nie** toegepas nie. Die grondreëls word slegs baie kortliks behandel: vir meer inligting kan die bronnelys raadpleeg word.

4.1. Die gemeenregtelike vermoedens

Soos reeds hierbo genoem is, is die gemene reg ook 'n **bron** van uitlegreëls. Dit beteken dat gemeenregtelike reëls – soos regsvermoedens – langs statutêre reëls en regspraak, as 'n bron van uitleg bestaan. Oor die **aard** van **vermoedens** is daar egter nog nie eenstemmigheid nie maar vir die doeleindes van uitleg van wette, kan gesê word dat hierdie regsvermoedens geld, **tensy** dit op uitdruklike wyse òf deur noodwendige implikasie deur **wetgewing** uitgesluit word. Kortweg, daar bestaan 'n **vermoede** dat 'n bepaalde regsvermoede toepassing vind **tensy** dit deur wetgewing **weerlê** word. In die geval van weerlegging sal die regsvermoede nie toegepas word nie.

Die wetsuitlegger moet uit die staanspoor bewus wees van die regsvermoedens omdat dit as die **basiese riglyne** van die uitlegproses gesien moet

word.[15] Die toepassing van hierdie vermoedens verseker **legaliteit** in die uitlegproses: dit waak onder andere teen onregverdige gevolge en die terugwerkende krag van 'n wet tensy die individu daardeur bevoordeel word.[16]

Die belangrikste regsvermoedens word kortliks geskets.

4.1.1. Die vermoede teen staatsgebondenheid

Die algemene reël is dat die staat nie gebonde is aan sy eie wetgewing nie tensy dit uitdruklik of by noodwendige implikasie anders bepaal word.

Indien die staat (wat natuurlik die **staatsorgane** insluit) nie gebonde is aan sy eie wetgewing nie, sou die vraag na **staatsaanspreeklikheid** streng gesproke nie na vore kom nie. Daar moet egter onderskei word tussen hoë staatlike handelinge, waar die staat as **soewerein** optree, en die staat in sy **administratiewe** handelinge – soos hierbo bespreek is. In die laaste geval – wat veral in die openbare onderwyssfeer van belang is – sal die staat, deur middel van sy orgaan, wel aanspreeklikheid opdoen. Die kriterium vir aanspreeklikheid is die optrede van die dienaar "binne die omvang van sy **werksaamhede**".[17]

Ten slotte moet opgemerk word dat by die bepaling van staatsgebondenheid, elke geval **individueel** beoordeel en die relevante wetgewing in **konteks** bestudeer moet word ten einde die objektiewe **oogmerk** daarvan vas te stel.

4.1.2. Die vermoede teen kragtelose bepalings

Tensy die teendeel blyk, word vermoed dat die wetgewer geen kragtelose of doellose wetgewing aanneem nie. Hierdie regsvermoede steun dus die kon-

---

[15] Ondersteuners van die **kontekstuele** benadering verwys na regsvermoedens as die ABC en XYZ van die uitlegproses en sê verder dat regsvermoedens as 'n **intra-tekstuele element**, binne die struktuur van wetgewing gevind word. In hierdie verband word aangevoer dat dit die **materiële grundnorm** (die oorspronklike regsnorm) is waarop wetgewing gevorm word.

[16] Kyk weer na die bespreking van legaliteit hierbo waar klem gelê is op die eienskappe van **billikheid en regverdigheid.**

[17] Ingevolge die aangehaalde wetgewing, Wet 116 van 1976 (nou herroep), sou die amptenare van die SAOR (in effek die staat) nie aanspreeklik wees wanneer **werksaamhede op die voorgeskrewe wyses** verrig is nie: art 25 saamgelees met arts 18(a) of (b), 19 of 23. Met ander woorde, die dienare moet binne die omvang van hulle werksaamhede optree. Deur hierdie bindende bepalings kan afgelei word dat die staat ook moontlik deur **een** artikel of **sekere** artikels van 'n wet gebind kan wees. Kyk ook na die bespreking onder staatsaanspreeklikheid hierbo.

tekstuele benadering aangesien die **doelgerigtheid** waarmee wetgewing opgestel word, deur hierdie uitlegwyse voorgestaan word.[18]

Die vermoede is ook op **ondergeskikte wetgewing**, waar die stelreël **ut res magis valeat quam pereat** geld, van toepassing: naamlik, 'n vermoede dat ondergeskikte wetgewing eerder geldig as ongeldig is. Ondergeskikte wetgewing wat **ultra vires** is (soos hierbo bespreek), is natuurlik ongeldig. Die genoemde stelreël geld slegs indien die teks vir twee interpretasies vatbaar is en sal nie ongeldige bepalings geldig maak nie.

Die howe is wel bereid om in die lig van hierdie vermoede, **modifiserende** (woordwysigende) uitleg toe te pas maar sal om ander redes dit nie goedsmoeds navolg nie.[19] Slegs waar die gewone betekenis van woorde nie die duidelike oogmerk van wetgewing weerspieël nie en die woorde vatbaar is vir so 'n konstruksie, sal woordwysigende uitleg toegepas word.

4.1.3. Die vermoede dat die wetgewer die openbare belang wil bevorder

Streng gesproke word hierdie vermoede as 'n **onweerlegbare** vermoede beskou omdat aangeneem kan word dat wette **altyd** in die openbare belang gemaak word. Hoewel wetgewing **openbare** voorskrifte, bevele of verbiedinge gee, is dit ook van toepassing op die **individu** as burger of inwoner van die staat. Daar moet dus 'n behoorlike balans gehandhaaf word tussen die openbare belang wat vir **alle** individue geld en, streng gesproke, **individuele** regte.[20] Per slot van sake moet die reg deur, onder andere, sy

---

[18] Omdat die eng betekenis van bedoeling in die **Dadoo**-saak, hierbo, gevolg is, het die hof eerder as om **woordwysigend** op te tree, bepaal dat die betrokke bepalings kragteloos en doelloos was. Die wetgewer moes ingryp en die wysigings aanbring. Indien die betrokke regsvermoede egter toegepas kon word, sou die hof die werklike bedoeling van die wetgewer in die oogmerk van die wetgewing kon inlees en 'n positiewe beslissing vel. Só gesien, sou die bepalings dus ingevolge die oogmerk van die wetgewing, kraghebbende en geldige bepalings wees.

[19] Een van die redes is natuurlik die afbakening van magte ingevolge die **skeiding van magte**-leerstuk. Hieronder word meer oor modifiserende uitleg en die toepassing daarvan, gesê.

[20] Dit is egter nie altyd so maklik om hierdie balans te handhaaf nie: in baie gevalle weeg die openbare belang swaarder. In **R v. Magana** 1961 2 SA 654 (T) waar art 14 van die Interpretasiewet ter sprake gekom het, beslis die hof dat die wet vir die openbare belang aangeneem is. Bevoegdhede van openbare amptenare (staatsamptenare) moet dus nie beperkend uitgelê word nie maar wel uitbreidend.

wetgewing, **ordening en harmonie** in die **samelewing** skep. Die oogmerk van hierdie vermoede is dus hoofsaaklik gemik teen onregverdigheid en ongelyke behandeling.

Openbare belang en **algemene** belang is egter nie dieselfde nie. Die algemene belang is gemik op die belange van 'n **sekere groep,** naamlik, onderwysers, boere of sakemanne. Selfs waar die belange van 'n baie groot groep individue ter sprake is kan dit nog nie die **openbare** belang wees nie. Openbare belang sluit dus die algemene belang van gespesialiseerde groepe individue, in: die algemene belang word dus in die openbare belang **gepresiseer.**[21] Daarom kan nie gesê word dat 'n saak wat die algemene belang dien noodwendig **teen** die openbare belang indruis nie. Uit hierdie siening word dit dan duidelik waarom hierdie sterk vermoede onweerlegbaar is.

4.1.4. Die vermoede teen die uitsluiting of beperking van die howe se jurisdiksie

Tensy dit uitdruklik of by noodwendige implikasie uit wetgewing blyk, word vermoed dat die wetgewer nie die howe se jurisdiksie wil uitsluit of beperk nie. Onderwyswetgewing, soos hierbo aangetoon is, verleen wel aan hoë onderwysorgane of -liggame die bevoegdheid om besluite te neem. Of die howe bevoeg is om sulke beslissings te hersien, hang natuurlik af van die **oogmerk** van die wetgewing. Selfs indien die howe se jurisdiksie **uitdruklik** uitgesluit word, beteken dit nie 'n **algemene** uitsluiting nie aangesien die Hooggeregshof steeds 'n **inherente gemeenregtelike hersieningsbevoegdheid** het.[22]

4.1.5. Die vermoede dat die wetgewer die bestaande reg nie meer as wat nodig is, wil verander nie

Dit uitwerking hiervan is dat wetgewing sover moontlik uitgelê moet word sodat dit ooreenstem met die bestaande reg, of so min moontlik daarvan afwyk.

---

[21] Primêr beskou is 'n aangeleentheid van openbare belang nie 'n privaataangeleentheid nie. Daar moet egter versoening en korrelasie tussen openbare en private belange wees. In sekere gevalle het die howe toegelaat dat 'n **private aksie** in die **openbare** belang ingestel word: **Bamford v. Minister of Community Development and State Auxilary Services** 1981 3 SA 1054 (K) en **S v. Innes** 1979 1 SA 783 (K).

[22] In die onderwyswetgewing wat hierbo genoem is, beteken die "afdoende" besluit deur die staatsorgaan nie dat die howe se jurisdiksie **in toto** uitgesluit is nie. Die Hooggeregshof sal byvoorbeeld in die geval van 'n **mala fide**-optrede, wel die aangeleentheid hersien.

Waar die **gemene reg** ter sprake kom, sal die vermoede nie toepassing vind waar die wetgewer uitdruklik bepaal dat dit verander word nie. Hierdie wysiging moet dan geïmplementeer word.

In die geval van **statutêre reg** beteken die vermoede dat by die interpretasie van 'n latere wet veronderstel word dat die wetgewer nie die vroeëre wet wou herroep of wysig nie. Enige herroeping of wysiging moet uitdruklik of by noodsaaklike implikasie geskied. In beginsel moet probeer word om die vroeëre en latere wet saam te lees en te versoen. Indien dit onversoenbaar is moet by noodsaaklike implikasie aanvaar word dat die latere wet die vroeëre een herroep of wysig.[23]

4.1.6. Die vermoede dat die wetgewer nie onbillike, onregverdige of onredelike resultate beoog nie

Hierdie vermoede is alreeds hierbo onder die redelikheidsvereiste aangeraak. Die vermoede kom slegs ter sprake **indien daar twyfel is oor die betekenis van 'n bepaling en daar dus meer as een moontlike interpretasie kan wees.** Indien die oogmerk van die wetgewing duidelik is moet die howe daaraan gevolg gee, hoe onbillik of onregverdig die effek daarvan ook al mag wees. Die howe mag dus nie besin oor die **voor- en nadele** van die **gevolge** wat sulke wetgewing mag inhou nie.

By **beswarende** bepalings moet dit sover moontlik uitgelê word dat die persone op wie dit van toepassing is, so **min moontlik beswaar of beperk** word. Beswarende bepalings word dus **streng** uitgelê.[24] In die geval van **begunstigende** bepalings moet, indien twee interpretasies moontlik is en twyfel ontstaan, die interpretasie wat die **voordeligste** vir die onderdaan is, gevolg word.

Die vermoede bestaan dat, tensy die teendeel blyk, die wetgewer alle persone wat deur wetgewing geraak word **gelyk** behandel.[25] Indien die oogmerk van die wetgewer egter duidelik anders laat blyk, sal hierdie

---

[23] In hierdie geval moet die wette (of die gedeeltes daarvan) wat vergelyk word, natuurlik dieselfde oogmerk hê.

[24] Onder beswarende bepalings kan genoem word: bepalings wat op regte inbreuk maak; geldelike verpligtings oplê; verbods- en strafbepalings.

[25] Ingevolge die **gemene reg** is alle persone natuurlik gelyk voor die reg. Ongelyke behandeling wat diskriminasie veroorsaak, is as regeringsbeleid in Suid-Afrika deur middel van **wetgewing** ingevoer.

vermoede nie toepassing vind nie. **Parlementêre** wetgewing wat op rassediskriminasie gegrond is en waaruit so 'n oogmerk duidelik blyk, moet deur die howe uitgelê word ongeag die onredelike of diskriminerende **gevolge** wat dit veroorsaak. In die geval van **ondergeskikte** wetgewing word ongelyke behandeling slegs toegelaat wanneer dit uitdruklik of by implikasie in die **magtigende wet** gemagtig word.[26]

4.1.7. Die vermoede dat wetgewing nie terugwerkende krag het nie

Oor die algemeen kan gesê word dat tensy dit uitdruklik of by noodsaaklike implikasie anders blyk, vermoed word dat die wetgewer slegs vir die **toekoms** wette maak. Hierdie reël vermy onbillike gevolge omdat, onder andere, regte wat reeds bestaan of gevestig is, nie aangetas word nie. Daar bestaan **uitsonderings** op die reël waar die vermoede weerlê word en wetgewing dus wel terugwerkende krag het, naamlik:

- waar dit duidelik uit die wet blyk dat terugwerkendheid bedoel word;
- waar die wet oor prosedures handel; en
- in die geval waar die bepalings van 'n wysigende wet die individu bevoordeel.[27]

Opsomming

Vir die doeleindes van hierdie bespreking word die belangrikste regsvermoedens as gemeenregtelike reëls gesien, wat toepassing vind tensy wetgewing duidelik of by noodsaaklike implikasie anders bepaal.

Hierdie vermoedens vorm die basiese riglyne in die uitlegproses, maar is so belangrik dat daarna verwys word as die grondnorme van uitleg van wette.

---

[26] Die ondergeskikte wetgewer moet dus binne die omvang van sy wetgewende bevoegdhede, soos in die hoofwet voorgeskryf, optree. Kyk ook na die bespreking hiervan onder die redelikheidsvereiste hierbo.

[27] So sal die oortreder wat ingevolge 'n bepaalde wet aangekla is maar nog nie gevonnis is nie, die voordeel van 'n ligter straf kry indien 'n wysigingswet die oorspronklike straf **verlaag.** Die wysigingswet word geag terugwerkende krag te hê. Waar die straf egter onder soortgelyke omstandighede **verhoog** word, moet die betrokkene steeds nie onnodig beswaar word nie en die voordeel van die twyfel kry: die oorspronklike ligter straf word opgelê en die wysigingswet het dus nie terugwerkende krag nie.

Dit word veral aangewend tydens die eerste en laaste stadia van die uitlegprogram.

Aangesien regsvermoedens die inherente grondnorme van uitleg is, word legaliteit deur die toepassing daarvan in die uitlegproses verseker: eintlik vorm die regsvermoedens dan deel van die basiese reëls van billikheid en regverdigheid.

4.2. Verdere grondreëls by uitleg van wette

4.2.1. Die normale betekenis van die woord

Die **regsvermoedens** is van die belangrikste grondreëls in die uitleg van wette. Verder moet die toepassing van die **normale betekenis** van die woord ook as 'n breë grondreël waaronder verskillende indelings gemaak kan word, beskou word.

Normale betekenis van die wet het natuurlik 'n klemverskuiwing ondergaan: in die **suiwer tekstuele** benadering het dit 'n **letterlike** betekenis gedra. In die **wye kontekstuele** benadering word steeds na die gewone, normale betekenis, **maar** binne die **konteks en oogmerk** van die wetgewing gevra: dit beteken dus nie noodwendig 'n **letterlike** betekenis nie.

Gewone, grammatikale betekenis van woorde

Onder **normale betekenis** van woorde word ingesluit dat woorde hulle **gewone, grammatikale** betekenis kan dra. Onder die suiwer tekstuele benadering is hierdie reël vereng tot die **letterlike** betekenis van afsonderlike woorde, sinsnedes en paragrawe van 'n teks. Skrywers het dan ook tereg daarna verwys as die beheptheid met "letterknegtelike woordkibbelary". Gelukkig het die wye kontekstuele benadering 'n klemverskuiwing gebring sodat woorde nou 'n **gewone, grammatikale** (alhoewel nie letterlike) betekenis dra binne die **konteks** van die wetgewing. Dit beteken dat die wet **as geheel** bestudeer moet word en die betekenis van die woorde in ooreenstemming moet wees met die **wyer konteks** en die **oogmerk** van die wetgewing.

Tegniese begrippe van woorde

Tegniese wetgewing wat op spesifieke bedrywe of professies van toepassing is, verkry 'n besondere betekenis wat eintlik afwyk van die alledaagse,

normale betekenis maar dan onder hierdie **omstandighede** deurgaan as die breë, normale betekenis daarvan. Woorde moet dan in hulle gespesialiseerde, tegniese betekenis verstaan word.

Woordbepalingsartikels

Die meeste wetgewing bevat woordbepalingsartikels wat gewoonlik in art 1 van die betrokke wet beliggaam is. Dit is 'n verduidelikende lys van begrippe waarin spesifieke omskrywings aan sekere woorde of uitdrukkings gegee word. Die omskrywings geld egter nie absoluut nie aangesien die woordbepalingsartikel gewoonlik ingelui word met die woorde, "Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet ...". Die woordomskrywing moet egter strook met die oogmerk van die wetgewing soos dit in kontekstuele verband gesien word: in hierdie gevalle word die woordbepalingsbetekenis dan die **normale betekenis** van die woorde.

Betekenis aan elke woord

Wetgewing moet so geïnterpreteer word dat volgens die **normale betekenis** van woorde, geen woord of sin as oorbodig beskou kan word nie. Hierdie reël geld egter nie absoluut nie aangesien in sommige gevalle wel oortollige, of te min, woorde gebruik word. 'n Hof sal egter nie maklik besluit dat woorde in wetgewing oortollig is of dat te min woorde gebruik is nie. In sulke gevalle word dan met inagneming van sekere omstandighede, modifiserende uitleg toegepas.[28]

4.2.2. Geen byvoeging of vermindering

Dit is 'n basiese reël dat daar geen byvoeging tot of vermindering van die gebruikte woorde in wetgewing kan wees nie. Die howe sal ook versigtig wees om nie die betekenis van wetgewing buite die gebruikte woorde uit te brei nie. Die verknogtheid aan die **letterlike** betekenis is weer eens duidelik en wel om die volgende redes:

- volgens die stelreël **iudicis est ius dicere sed non dare** is die funksie van die hof (die regsprekende beampte) om reg te spreek maar nie reg te skep nie. Hierdie benadering kom uit die skeiding van magte- of **trias politica**-leerstuk (die idee dat daar drie gesagsorgane is) wat die skeiding of afbakening van bevoegdhede van die gesagsorgane, voorstaan;

[28] Modifiserende uitleg word hieronder bespreek.

– voortvloeiend uit die bogenoemde reël kom die bekende **casus omissus**-reël wat beteken dat die wetsuitlegger nie 'n weglating (of leemte) kan aanvul nie aangesien dit die taak van die wetgewer is. U sal egter kan aflei dat dit nie altyd 'n gewenste oplossing bied nie. Daar heers op die oomblik verwarring oor die toepassing van hierdie reël maar oor die algemeen kan gesê word dat die howe nie **goedsmoeds** 'n leemte in 'n wet sal aanvul nie maar dit wel doen om gevolg te gee aan die duidelike oogmerk van die wetgewing.[29]

Teen die agtergrond van die wye **kontekstuele** benadering en met inagneming van die **regsvermoede** dat die wetgewer nie kragtelose of doellose wetgewing beoog nie, kan mens die stelling maak dat indien die oogmerk van wetgewing duidelik is, die hof as die laaste skakel in die wetgewingsproses, behoort toe te sien dat die wetgewingsproses 'n **sinvolle en geregtigheidsgerigte** einde het.

4.2.3. Balans tussen teks en konteks

Soos reeds hierbo genoem is, het die howe veral ingevolge die eng tekstuele benadering, van die standpunt uitgegaan dat indien die betrokke wetgewing duidelik en ondubbelsinnig is, daaraan gevolg gegee moet word **sonder** dat die wye kontekstuele verband daarvan enigsins ter sprake kom. Die wyer verband van die wetgewing is **slegs** in berekening gebring wanneer die taal onduidelik of dubbelsinnig was. Volgens die kontekstuele benadering mag die wetsuitlegger uit die staanspoor die wyer konteks van die wetgewing ondersoek **selfs** al is die woorde van die besondere teks duidelik en ondubbelsinnig. Die betekenis van woorde word derhalwe teen die **wyer konteks afgeweeg** en moet die **oogmerk van die wetgewing**, soos dit uit die wet as geheel en die omringende omstandighede blyk, weerspieël. Al hierdie oorwegings moet dus vanaf die **eerste stap** in die uitlegproses **saam** met die woorde van die teks in berekening gebring word.

Opsomming

Benewens die regsvermoedens is daar nog verskillende grondreëls wat in die uitlegproses geld. Hoewel sommige van hierdie reëls op die oog af in-

---

[29] In die **Dadoo**-saak wat hierbo bespreek is het die hof geweier om die leemte in die wet aan te vul alhoewel die oogmerk van die wetgewing duidelik op so 'n aanvulling gedui het. In die **Klipriviersoog**-saak (hierbo) het die hof wel die **casus omissus** aangevul ten einde gevolg te gee aan die duidelike oogmerk van wetgewing.

druis teen die wye kontekstuele benadering, het daar in werklikheid slegs 'n klemverskuiwing wat die toepassing daarvan betref, plaasgevind.

Die individuele grondreëls moet binne die breë verwysingsraamwerk van die kontekstuele (teleologiese) benadering aangewend word want die betekenis van die woorde, sinsnedes of paragrawe word dan in terme van die oogmerk van die wetgewing uitgelê.

5. HULPMIDDELS WAT BY DIE VASSTELLING VAN DIE OOGMERK VAN WETGEWING GEBRUIK WORD

Die bespreking word in hooftrekke aangebied: vir bykomende inligting kan die bronnelys geraadpleeg word.

Soos reeds bespreek is, is die **duidelike oogmerk** van wetgewing die fundamentele of gronddoelstelling in uitleg van wette. Dit is egter in die meeste gevalle moeilik om hierdie oogmerk te bepaal omdat dit nie in wetgewing uitgespel word nie. Daar is egter 'n wye reeks **hulpmiddels,** wat in aard en omvang wissel, tot die beskikking van die uitlegger. In bepaalde gevalle sal hierdie hulpmiddels **nagevors** moet word om die oogmerk van wetgewing vas te stel.

Die hulpmiddels val in twee kategorieë:

- die **inwendige** (of **intra-tekstuele**) hulpmiddels behels die wet en die dele waaruit dit bestaan, met ander woorde, die inwendige **struktuur** van die wet;
- die **uitwendige** (of **ekstra-tekstuele**) hulpmiddels slaan op **eksterne** faktore wat buite die wet staan.

Beide kategorieë hulpmiddels moet dus uit die staanspoor in die wye kontekstuele uitlegproses gebruik word.

Die **Interpretasiewet 33 van 1957** vorm ook 'n belangrike **hulpmiddel** in die uitlegproses maar word hieronder afsonderlik behandel.

5.1. Inwendige hulpmiddels

5.1.1. Die teks in die ander landstaal

Alle wetgewing in Suid-Afrika word in **albei amptelike landstale** opgestel. Die teks in die ander taal kan dus aangewend word om onduidelikhede uit die weg te ruim.

In die geval van **parlementêre wette** moet **een** van die eksemplare van 'n wet deur die Staatspresident onderteken word. Gewoonlik word die Afrikaanse en Engelse eksemplaar om die beurt onderteken. As algemene uitgangspunt moet gesê word dat **albei eksemplare ewe veel gesag het** en dat die teks wat onderteken word nie bloot weens ondertekening, meer gewig dra nie. Die ondertekende teks sal **slegs** in die geval van uitlegprobleme, **deurslaggewend** wees indien daar 'n **konflik** of **onversoenbare teenstrydigheid** tussen die twee tekste bestaan.[30]

Die beginsels wat op parlementêre wette van toepassing is, geld ook vir **provinsiale ordonnansies.**[31]

In die geval van **ondergeskikte wetgewing** soos regulasies, proklamasies en verordeninge, asook **interne wetgewing** soos departementele handleidings, rondskrywes en skoolbeleidsreëls, hoef die Staatspresident natuurlik in die meeste gevalle nie 'n eksemplaar te onderteken nie.[32] Indien in bepaalde gevalle hierdie ondergeskikte wetgewing wel onderteken word, sal dit **nie** meer gewig dra as die ongetekende teks nie. Selfs in gevalle waar 'n konflik of onversoenbare teenstrydigheid bestaan, sal die getekende teks **nie** deurslaggewend wees nie. Beide tekste van ondergeskikte wetgewing het dus in **alle gevalle** gelyke status en moet in die geval van konflik of onduidelikheid, **saamgelees** word om die ware betekenis en oogmerk van die wetgewing vas te stel. Indien 'n onversoenbare teenstrydigheid bestaan sal die wetsuitlegger voorkeur gee aan die weergawe wat die **individu bevoordeel.**[33]

---

[30] Die betekenis van "konflik" en "onversoenbare teenstrydigheid" is al op verskeie kere deur die howe ondersoek: **Handel v. R** 1933 SWA 37. Onder andere kom dit daarop neer dat indien die twee tekste saamgelees kan word om die ware betekenis vas te stel, daar nie 'n konflik of onversoenbare teenstrydigheid bestaan nie. In die geval waar die een teks 'n wyer betekenis as die ander het en 'n "gemenedeler-betekenis" uitgelê kan word, is daar ook nie sprake van 'n konflik of 'n onversoenbare teenstrydigheid nie.

[31] Kyk na die bespreking van provinsiale ordonnansies onder wetgewing as bron van onderwysreg. Hoewel daar in die nuwe provinsiale regeringstelsel nie meer ordonnansies uitgevaardig word nie, maar wel proklamasies, is die uitlegreël steeds van toepassing op provinsiale onderwysordonnansies wat onder die nuwe stelsel voortleef.

[32] Die Staatspresident sal byvoorbeeld die proklamasies wat deur hom uitgereik word onderteken. Dit sou in elk geval onmoontlik en onprakties vir die Staatspresident wees om die magdom administratiewe wetgewing te onderteken.

[33] Deur hierdie werkswyses kan gesien word dat die howe verskillende metodes beproef om 'n **casus omissus** in wetgewing te vermy: waar twee interpretasies moontlik is sal die hof dus die regsvermoede teen onbillike en onredelike resultate toepas om die voordeel van die twyfel aan die individu te laat toekom, **eerder** as om 'n weglating of leemte te erken.

5.1.2. Die voorrede of aanhef

Hoewel wette met voorredes vandag selde voorkom, kan dit wel in uitsonderlike gevalle gebruik word om die **oogmerk** van die wetgewing in konteks te bepaal.[34]

5.1.3. Die lang titel

Die lang titel bevat 'n kort beskrywing van die onderwerp waaroor die wet handel.[35] Dit kan gebruik word om die **oogmerk** van die wetgewing vas te stel.

5.1.4. Opskrifte bo hoofstukke of artikels

Dit word beskou as afsonderlike **voorredes** tot die hoofstukke of artikels en kan in uitsonderlike gevalle gebruik word om die **oogmerk** van die wetgewing te bepaal.[36]

5.1.5. Kantskrifte

Kantskrifte word **nie as deel** van die wetgewing beskou nie omdat dit nie deur die wetgewer ingevoeg word nie maar deur die wetsopsteller. Die waarde daarvan by interpretasie is onder verdenking alhoewel die howe dit wel in uitsonderlike gevalle kan gebruik.

5.1.6. Indeling in paragrawe en punktuasie

In beginsel is indeling in paragrawe en punktuasie **nie deel** van die wet nie maar kan wel gebruik word in die vasstelling van die **oogmerk** van wetgewing.

---

[34] 'n Goeie voorbeeld van 'n aanhef kan in die 1983-Grondwet gevind word.

[35] In Wet 103 van 1986 lui die lang titel soos volg: "Tot wysiging van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1967, ... opdrag van die uitvoering van genoemde Wet en sekere ordonnansies aan die Minister van Onderwys en Kultuur; die georganiseerde onderwysprofessie en die georganiseerde ouergemeenskap groter deelname toe te laat in die onderwys in skole en die opleiding van onderwysers; ... 'n onderwysraad vir elke provinsiale onderwysdepartement in te stel ... voorsiening te maak vir die erkenning deur genoemde Minister van 'n liggaam vir die georganiseerde onderwysprofessie; ...".

[36] Die 1983-Grondwet bied voorbeelde: die verskillende hoofstukke van die wet is onder andere opgedeel in die Staatspresident, Wetgewende gesag, Uitvoerende gesag, Regspleging en die Presidentsraad.

5.1.7. Bylaes

Bylaes verskil in aard en vorm maar word meestal gebruik om die artikelinhoud van die wet te verkort of minder lomp te maak. In die geval waar dit die wet verkort het dit dieselfde regskrag as die artikelinhoud van die wet. Wanneer 'n teenstrydigheid tussen die bylae en 'n artikel bestaan sal die artikel deurslaggewend wees.

5.2. Uitwendige hulpmiddels

5.2.1. Die bron waaruit bepaalde artikels geneem is

Baie van ons wetgewing het vanweë die Engelse invloed op ons regstelsel, hul oorsprong in **Engelse wetgewing.**[37] Die vroeëre benadering was dat in die geval van uitlegprobleme in 'n Suid-Afrikaanse wet wat identies uit 'n Engelse wet oorgeneem is, ons howe die uitsprake van die Engelse howe moes volg. Hierdie beskouing het egter die Suid-Afrikaanse **konteks** waarin die wet gelding het, uit die oog verloor. Die jongste beskouing is dat ons howe in sulke gevalle die wetgewing ingevolge die huidige Suid-Afrikaanse regsomstandighede sal vertolk maar die Engelse regspraak daaroor wel as **riglyn** kan gebruik om die **oogmerk** van die wetgewing vas te stel.

5.2.2. Voorafgaande beraadslagings

Voorafgaande beraadslagings of besprekings kan debatte oor wetgewing, verklarende memoranda en verslae van kommissies van ondersoek insluit. Die howe is nie eensgesind oor die aanwending van hierdie hulpmiddels nie: byvoorbeeld, soms is kommissieverslae toegelaat en in ander gevalle geweier. In 'n ander geval is na 'n ministeriële toespraak in die Parlement as 'n hulpmiddel verwys.[38]

Dit wil egter voorkom of die howe tans meer bereid is om voorafgaande beraadslagings te gebruik aangesien dit wel kan dien om wetgewing beter te begryp.

---

[37] Voorbeelde is die Maatskappywet 61 van 1973; Wet op Patente 57 van 1978; Wet op Geestesgesondheid 18 van 1973;

[38] Sien verder hofsake soos: **Harris v. Minister of the Interior** 1952 2 SA 428 (A); **Hopkinson v. Bloemfontein District Creamery** 1966 1 SA 159 (O); **Mpangele v. Botha (1)** 1982 3 SA 633 (K).

5.2.3. Omringende omstandighede

Omringende omstandighede is die toestande wat **voor en tydens** die aanname van die wet geheers het en **aanleiding** gegee het tot die wetgewing. Hierdie **geskiedenis** van die wetgewing word gebruik om die wetsbepalings in behoorlike **perspektief** te plaas.

Na die gebruik van omringende omstandighede is vroeër verwys as die **misstandsreël** ("mischief rule"). Kortliks was die inhoud van die reël daarop gemik om die "mischief" wat aan die betrokke wetgewing gekleef het uit te skakel. Om dit te doen moes die probleme, defekte en remedies wat rondom die wetgewing bestaan het, ondersoek en ondervang word. Breed gestel, die wetsuitlegger is deur middel van hierdie hulpmiddel in staat gestel om die **geskiedenis** en **omringende omstandighede** van 'n wet te ondersoek.

5.2.4. Woordeboeke en taalkundige getuienis

Weens die tegniese en gespesialiseerde aard van wetgewing word woordeboeke vandag al hoe meer deur die howe gebruik. Daar word egter bepaal dat die woordeboekbetekenis as 'n **riglyn** gebruik moet word aangesien die **konteks** waarin die woord in die wet gebruik word, steeds **deurslaggewend** sal wees.

5.2.5. Die invloed van gewoonte of gebruik

Gewoonte of gebruik (toepassing oor 'n lang tydperk) kan in die interpretasie-proses gebruik word ondanks die feit dat die gewoonte vóór die totstandkoming van die wet ontstaan het of daarná. Gewoonte kan egter nie wetgewing herroep of ongedaan maak nie. Gewoonte of gebruik kan op twee wyses gebruik word:

Contemporanea expositio** en **subsecuta observatio

Die beginsel van **contemporanea expositio** – letterlik, gelyktydige uitleg – dui op die uiteensetting (deur middel van gewoonte of gebruik) wat aan wetgewing gegee is tydens die **aanname** daarvan of kort daarna. Dit impliseer dat dit dié betekenis is wat aan die wet gegee is deur die persone wat by die aanname daarvan of kort daarna, betrokke was. Hierdie persone wat by die totstandkoming betrokke was sou dan die doel daarvan die beste begryp. Aanduidings hiervan is kantlynaantekeninge, paragraafindeling en leestekens.

Subsecuta observatio – daaropvolgende uitleg – het te make met gevestigde **gebruik** of **gewoonte** wat te eniger tyd **na** die wet se aanname kan ontstaan en wat selfs in stryd kan wees met **contemporanea expositio.**

In beginsel behoort **subsecuta observatio** meer gewig te dra in die interpretasie-proses as **contemporanea expositio** alhoewel die howe nie hierdie onderskeid handhaaf nie.

5.2.6. Vroeëre en latere wette

Vroeëre wette kan as leidraad dien by die uitleg van latere wette mits die twee wette **in pari materia** is: dit wil sê, oor dieselfde onderwerp handel en dus feitlik identies is.

By **latere wette** geld dieselfde beginsel soos hierbo onder vroeëre wette genoem is. Die latere wet kan as **leidraad** vir die vroeëre wet dien mits hulle in **pari materia** is.

Opsomming

Inwendige en uitwendige hulpmiddels word in die uitlegproses aangewend om die oogmerk van die wetgewing vas te stel.

Inwendige hulpmiddels slaan op die interne elemente van die wet terwyl uitwendige hulpmiddels die eksterne faktore insluit.

Raadpleeg die bronnelys vir meer inligting.

5.3. Die Interpretasiewet 33 van 1957 as 'n hulpmiddel

Die Interpretasiewet 33 van 1957 kan streng gesproke ook as 'n **hulpmiddel** by uitleg van wette beskou word. Dit bestaan uit ses dele. Deel I bevat algemene bepalings oor die uitleg van wette; Deel II-V bevat bepalings wat spesiaal op die provinsies van toepassing is en Deel VI bepaal uitdruklik dat die betrokke wet die staat bind. Daar word slegs op enkele aspekte van **Deel I** gekonsentreer.

Dit is raadsaam om in die geval van 'n uitlegprobleem, 'n eksemplaar van hierdie wet byderhand te hê.

5.3.1. Toepassing van die wet

Artikel 1 bepaal dat die bepalings van die wet van toepassing is op die uitleg van **elke wet** wat in die Republiek van krag is, en op die uitleg van alle **verordeninge, reëls, regulasies of voorskrifte wat kragtens sodanige wet uitgevaardig is, tensy dit anders bepaal word.**

Die wet is dus op **wetsvoorskrifte** van toepassing maar nie op administratiewe **bevele** of **voorskrifte** nie. Die begrip "**wet**" beteken egter vir die doeleindes van die wet "enige wet, proklamasie, ordonnansie, Wet van die Parlement **of ander maatreël wat die krag van wet het**".[39]

5.3.2. Die tydsfaktor

Daar word ingevolge **art 2** spesifieke wyses voorgeskryf vir die bepaling van "maand": 'n **kalendermaand** is byvoorbeeld die verskillende maande soos op die kalender ingedeel, byvoorbeeld Maartmaand of Oktobermaand, terwyl **maand** oor twee kalendermaande kan sprei, naamlik van 15 Mei 1987 tot om middernag 14 Junie 1987.

Tydsberekening is van groot belang by veral kontraktuele bepalings aangesien bepaalde **termyne** voorgeskryf word. Daar bestaan verskillende wyses van tydsberekening: ingevolge die **statutêre metode – art 4** – word die berekening van **dae** gedoen. Daar bestaan ook verskillende metodes van **gemeenregtelike** tydsberekening waar ook onderlinge verskille in tydsberekening gevind word. Die gemeenskaplike faktor in laasgenoemde berekening is egter dat die tydsberekening hier die eerste dag/uur van die termyn, **uitsluit**.

5.3.3. Herroeping van wetgewing

Artikel 11 handel oor die **herroeping** en **vervanging** van wetgewing. Wanneer 'n latere wet 'n vroeëre wet in sy **geheel of gedeeltelik** herroep en bepalings **in die plek van** die aldus herroepte wetsbepalings stel, bly die herroepte wetsbepalings (in die vroeëre wet) van krag **totdat** die vervangende bepalings in die latere wet amptelik in **werking** tree.[40] Indien wetge-

---

[39] Dit is duidelik dat die Wet nie van toepassing is op **gemeenregtelike** bepalings nie behalwe waar dit in 'n **wet** beliggaam word en dit in elk geval dan as wetgewing deurgaan.

[40] Die Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid 103 van 1986 maak voorsiening vir die instelling van die FOR wat die SAOR ingevolge Wet 116 van 1976 herroep. Tydens die deurloodsing van die nuwe wet in die Volksraad en tot op die tydstip waar dit gepubliseer en die

wing wat gedeeltelik deur 'n ander wet vervang is uitgelê moet word, kan die oorblywende of die vervangende gedeeltes nie afsonderlik beskou word nie maar moet **beide** stukke wetgewing as 'n **geheel** gelees word: die genoemde wysigingswet, Wet 103 van 1986, wysig die oorspronklike Wet op die Nasionale Onderwysbeleid 39 van 1967 en daarom moet die twee wette saamgelees word.

Artikel 12 handel oor die **uitwerking** van herroeping. Wanneer 'n wet 'n bepaling van 'n vorige wet herroep en met of sonder wysigings herverorden, word verwysings in **ander wetgewing** na hierdie herroepte bepalings uitgelê as 'n verwysing na die **nuutverordende** bepalings.[41]

Hierdie aangeleentheid kan egter ook op ander spesifieke wyses gereël word en moet weer eens in terme van die **doel** of **oogmerk** van die wet geïnterpreteer word.

Verder word in **art 12(2)** bepaal dat wanneer **'n wet 'n ander wet herroep,** en daar **nie** 'n ander bedoeling blyk nie:[42]

– die herroeping nie enigiets laat herleef wat nie van krag was of bestaan het toe die herroeping van krag geword het nie;[43] of

---

40 vervolg datum van inwerkingtreding bepaal is (op 'n latere stadium deur proklamasie bepaal), het die vorige wetsbepalings, en derhalwe die werksaamhede van die SAOR, voortgegaan. By die inwerkingtreding van die nuwe wet het die FOR die amptelike onderwysberoepsliggaam geword. Mens moet egter in gedagte hou dat daar spesifieke bepalings in wetgewing kan wees wat herroepings- en vervangingsvoorwaardes op 'n ander wyse kan reël: die **oogmerk** van die wetgewing is deurslaggewend.

41 Die bepalings rakende die SAOR in Wet 116 van 1976 is vervang met die bepalings oor die FOR in Wet 103 van 1986. In ander bestaande onderwyswetgewing is daar egter ook bepalings wat op die SAOR van toepassing is. Aangesien Wet 103 van 1986 egter nou in werking is word die verwysings na die SAOR in hierdie ander onderwyswetgewing uitgelê as 'n verwysing na die FOR soos in Wet 103 van 1986.

42 Hou in gedagte dat art 12(1) handel oor besondere herroepte **bepalings** van 'n wet wat in 'n ander wet vervang word. Artikel 12(2) dek die gevalle waar een **wet** 'n ander **wet in toto herroep.** Die voorbeelde wat gebruik gaan word handel dus oor die bepalings van Wet 116 van 1976 wat **in toto** deur Wet 103 van 1986 herroep is.

43 Ingevolge art 20 van Wet 116 van 1976 was daar 'n verbod op Blanke onderwysers wat nie aan die voorgeskrewe registrasievoorwaardes voldoen nie, om onderwys te gee. Om onderwys onder sulke omstandighede te gee, sou dus 'n oortreding uitmaak. Alhoewel Wet 103 van 1986 hierdie ou wet met al sy bepalings herroep het, beteken dit nie dat hierdie verbode optrede deur die herroeping daarvan, nou **wettig** word nie. Dit wil sê, dit wat **voor** die herroeping onwettig was, word nie **terugwerkend** wettig by herroeping nie. Verder beteken dit ook dat indien Wet 103 van 1986 op 'n latere stadium herroep sou word, Wet 116 van 1976 nie weer sal herleef nie.

- die herroeping nie die vroeëre werking van enige aldus herroepte wet of enigiets wat behoorlik daarkragtens gedoen of toegelaat is, raak nie;[44] of
- die herroeping nie enige reg, voorreg, verpligting of aanspreeklikheid wat kragtens 'n aldus herroepte wet verkry is of ontstaan of opgeloop het, raak nie;[45] of
- die herroeping nie enige boete, verbeurdverklaring, of straf opgeloop ten opsigte van enige misdryf wat ingevolge die herroepte wet gepleeg is, raak nie;[46] verder raak die herroeping ook nie enige ondersoek, regsgeding of regsmiddel ten opsigte van so 'n bedoelde reg, voorreg, verpligting, aanspreeklikheid, verbeurdverklaring of straf nie; so 'n ondersoek, regsgeding of regsmiddel kan ingestel, straf kan opgelê of gelas word, asof die herroepende wet nie aangeneem was nie.[47]

---

[44] Indien 'n handeling behoorlik en regsgeldig ingevolge Wet 116 van 1976, vóór die herroeping daarvan, uitgevoer is, sal dit van krag bly. 'n Onderwyser wat naamlik ingevolge art 15 van Wet 116 van 1976 behoorlik geregistreer was se registrasievoorwaardes bly van krag selfs al is drastiese registrasie-veranderings onder Wet 103 van 1986 ingestel. Hou in gedagte dat art 12(2)(b) wat hier onder bespreking is, nie tot gevolg het dat **administratiewe wetgewende handelinge** soos proklamasies, regulasies, verordeninge en departementele rondskrywes wat kragtens die herroepte wetgewing (soos parlementêre wette) gemaak is, bly voortleef nie. Hierdie ondergeskikte wetgewing **verval** sodra die wetgewing waaraan die magtiging ontleen word, herroep word (tensy uitdruklik anders bepaal word). Wat hier van belang is is dat die **administratiewe handeling** wat tussen **'n onderwyser** en die SAOR, in die voorbeeld, aangegaan is, voortleef ten spyte van die herroeping van die algemene **wetgewende handeling** wat die registrasievoorwaardes ingestel het. Kyk weer na **administratiewe wetgewende** en **suiwer administratiewe handelinge** hierbo.

[45] Dit gaan hier om **regte** wat deur die **wetgewing** verleen is. Die regte moet **kragtens** die herroepte wetgewing verkry gewees het en moes nie reeds onafhanklik **voor** die inwerkingtreding van die herroepte wetgewing bestaan het nie. Verder moes die regte en verpligtinge **reeds gevestig** gewees het tydens die herroeping. Om aan te sluit by die vorige voorbeeld sal die regte, voorregte en verpligtinge wat die **geregistreerde** onderwyser ingevolge Wet 116 van 1976 **verkry het** – byvoorbeeld om skool te hou, salaris te ontvang, vir vakansieverlof te kwalifiseer – steeds van krag bly nadat Wet 103 van 1986 die vorige registrasievoorwaardes herroep het.

[46] 'n Onderwyser wat ingevolge art 20 van Wet 116 van 1976 verbied was om onderwys te gee aangesien hy nie aan die registrasievoorwaardes voldoen het nie, was skuldig aan 'n misdryf en strafbaar kragtens art 20(2). Indien hy dienooreenkomstig skuldig bevind en 'n boete opgelê is, word die skuldigbevinding en boete-oplegging nie geraak deur die herroepende wet nie. Die onderwyser is steeds skuldig aan die misdryf en strafbaar met die boete.

[47] Ingevolge arts 18 en 19 van Wet 116 van 1976 het die SAOR die bevoegdheid gehad om ondersoeke in te stel na die onderwyser se beweerde oortreding van die professionele gedragskode. Indien die ondersoek reeds ingestel is gaan dit voort en sal die onderwyser uiteindelik skuldig bevind en 'n boete opgelê word ingevolge die betrokke artikels, asof die herroepende wet (103 van 1986) **nie** ingestel is nie. Die onderwyser kon egter ook deur die raad van ondersoek

Artikels 11 en 12 van die Interpretasiewet kan ingewikkelde uitlegprobleme oplewer. Die praktiese voorbeelde wat hierbo gegee is, is op 'n baie vereenvoudigde wyse aangebied en moet **geensins** as modeloplossing beskou word nie. By soortgelyke uitlegprobleme moet **elke** geval **individueel** beoordeel word.

Opsomming

Die Interpretasiewet word toegepas op alle maatreëls wat die krag van wet het tensy die betrokke wetgewing wat uitgelê moet word, anders bepaal.

Die bespreking hierbo dek slegs sekere bepalings van Deel I. Dit is noodsaaklik dat 'n eksemplaar van die wet byderhand is by die uitleg van onderwyswetgewing en -probleme.

6. WYSIGING VAN DIE GEWONE, ALLEDAAGSE TEKSBETEKENIS

6.1. Inleiding

Sekere **inherente** of grondreëls word in die uitleg van wette erken. So moet woorde hulle **normale** betekenis dra en mag die wetsuitlegger nie die wetgewingsproses oorneem deur byvoorbeeld self uitgebreide byvoegings of weglatings te maak nie. Hierdie reëls is egter **onderhewig aan die oorheersende oogmerk of doelstelling** van die wetgewing, en daarom sal die uitlegger onder gepaste omstandighede van hierdie grondreëls kan afwyk.

Daar is reeds gesê dat die gewone betekenis van die teks aan die **oogmerk** van die wetgewing getoets moet word. Die duidelike **oogmerk van wetgewing** soos dit in **konteks** bepaal word, moet as die **kwalifiserende faktor** in die uitlegproses gesien word. Die bestaan van dubbelsinnighede, vaaghede en absurditeite is die **aanwysers** of indikators dat moontlik van

---

47 vervolg vrygespreek word van enige bewerings teen hom, en dan gaan hy vry uit. Selfs al is die nuwe wet reeds in werking, en sy vorige optrede onder die nuwe bepalings 'n oortreding, kan hy nie ingevolge die nuwe wet aangespreek word nie. Hierdie aangeleenthede word wel op hierdie wyse in die nuut-bygevoegde art 8C van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 39 van 1967, gereël. Ander uitdruklike bepalings in wetgewing kan natuurlik die posisie verander.

die gewone teksbetekenis afgewyk kan word. Watter vorm die wysiging of afwyking ook al aanneem, die **aanwysende en kwalifiserende** faktore moet as uitgangspunt by die besluit daartoe gebruik word.

In die bespreking wat volg word kortliks na die verskillende **vorms** van hierdie **wysigings** gekyk.

6.2. Beperkende uitleg

Hierdie wyse van uitleg kom ter sprake indien die **betekenis** van die teks **wyer** is as die oogmerk van die wetgewing.[48] Die betekenis word dan gewysig om die ware oogmerk te weerspieël. Twee vorms van beperkende uitleg word in die Suid-Afrikaanse reg toegepas.

6.2.1. Die **cessante ratione legis, cessat et ipsa lex**-reël

Letterlik beteken die spreuk dat indien die rede vir die wet ophou bestaan, die wet self ook wegval. Wetgewing kan egter nie deur gewoonte of veranderde omstandighede verval nie maar moet deur die **positiewe optrede** van die wetgewer self, herroep word. Slegs die gemene reg kan deur gewoonte of veranderde omstandighede in onbruik verval. Die reël word eerder toegepas waar die bepalings van die wet **nie** herroep word nie maar die **werking** daarvan **opgeskort** word omdat daar reeds op 'n ander wyse aan die **oogmerk** van die wetgewing voldoen is. Die reël word dus slegs in twee gevalle toegepas:

- waar die toepassing van die wetgewing **futiel** sou wees, naamlik om die oplegging van 'n straf af te dwing waar die beskuldigde reeds oorlede is;
- indien die toepassing van die wetgewing nie sou strook met die **oogmerk** daarvan nie.[49]

---

[48] In hierdie geval word die **betekenis gekrimp** om in te skakel by die duidelike **oogmerk** van die wetgewing. Let op dat daar nie **woorde** uit die teks weggelaat word nie maar dat slegs die **betekenis** daarvan beperk word. Modifiserende uitleg wat hieronder bespreek word, sluit wel weglating van woorde in.

[49] 'n Algemene voorbeeld is dat indien wetgewing 'n onderhoudsbevel voorskryf ingevolge waarvan die ouer 'n maandelikse onderhoud aan sy kind in die inrigting moet betaal, die betaling van die bedrag sal verval indien die kind uit die inrigting ontslaan is. Hoewel die onderhoudsbevel nie deur wysigingswetgewing opgehef is nie, is die **oogmerk** van die wetgewing dat onderhoud betaal moet word **tydens die verblyf van die kind aan die inrigting.** In hierdie spesifieke geval het die **rede** vir die **toepassing** of afdwinging van die wet nie meer bestaan nie.

6.2.2. Die **eiusdem generis**-reël

Die begrip beteken letterlik "van dieselfde soort" en berus op die beginsel dat woorde geken word aan **ander woorde waarmee hulle saam verkeer.** Die woorde word dus as 'n **verbandhoudende groep** gesien wat onder andere beteken dat die betekenis van **algemene** woorde in terme van **spesifieke** woorde verklaar moet word. Voordat die reël toegepas kan word moet ook aan ander bepaalde voorvereistes voldoen word.

- die reël word slegs toegepas as die **spesifieke** woorde na 'n **bepaalde** kategorie (of **genus**) verwys. Indien die spesifieke woorde na uiteenlopende gevalle verwys kan die reël derhalwe nie toegepas word nie;[50]

- die **spesifieke** woorde mag nie die **genus uitput** nie;[51]

- die reël word toegepas selfs waar net **een** spesifieke woord die algemene woorde **voorafgaan.** Die volgorde waarin die woorde voorkom is in elk geval nie belangrik nie.

Die reël word met groot omsigtigheid toegepas: daar moet elke keer gevra word of die **oogmerk** van die wetgewing **sonder enige twyfel** op so 'n beperkende uitleg dui.

6.3. Uitbreidende uitleg

Uitbreidende uitleg kan as die **teenoorgestelde** van beperkende uitleg beskou word: die **oogmerk** van die wetgewing is dus **wyer** as wat in die **teks** te kenne gegee word. Die **kernbetekenis** van die teks word dan **uitgebrei** om gevolg te gee aan die **wyer oogmerk** van die wetgewing.[52]

---

[50] In die beslissing **Director of Education v. McCagie** 1918 AD 616 beslis die Appèlhof dat die bepaling "a university degree or other evidence of the necessary university qualifications", wel volgens die **eiusdem generis**-reël uitgelê kon word. Die hof bepaal dat "other evidence", die algemene woord en "university degree", die spesifieke woord is. Die spesifieke woord verwys na 'n besondere kategorie van kwalifikasie, dit wil sê, 'n **universiteitsgraad**. Indien hierdie kwalifikasie naamlik na 'n onderwysdiploma of 'n ander nie-graad kwalifikasie sou verwys sou die betekenis daarvan te uiteenlopend wees om 'n "common quality" of gemenedeler – wat vir 'n **genus** vereis word – af te lei.

[51] Kyk na die voorbeeld hierbo.

[52] Slegs die **betekenis** van die teks word uitgebrei. Daar vind nie werklike byvoeging van woorde soos in die geval van **modifiserende** uitleg, plaas nie.

Hierdie wyse van uitleg geskied op twee wyses:

- waar die betekenis uitgebrei word na gevalle wat in die wet **geïmpliseer** word (inbegrypende uitleg); of
- die uitbreiding van betekenis na 'n **soortgelyke of analoë** geval waar die teks nie uitdruklik daarna verwys nie (analogiese uitleg).

6.3.1. Inbegrypende uitleg

In hierdie geval word uitdruklike bepalings deur **versweë** bepalings **uitgebrei**. Daar bestaan sekere **afleidingsgronde** wat as **aanduidings** tot die gebruik van inbegrypende uitleg aangewend kan word. Dit bly steeds **riglyne** en dus onderhewig aan die **duidelike oogmerk** van wetgewing in die kontekstuele verband.

Daar is nie altyd 'n duidelike onderskeid tussen die verskillende afleidingsgronde getrek nie. Slegs 'n paar word bespreek.

Ex contrariis

Waar vir 'n bepaalde geval in die wet voorsiening gemaak word, word **ex contrariis** aangeneem dat 'n **teenoorgestelde reëling** vir 'n teenoorgestelde geval sal geld. Die stelreël **unius inclusio est alterius exclusio** (die insluiting van die een is die uitsluiting van die ander) dek ook dieselfde geval.[53]

Hierdie afleidingsgrond is slegs 'n **prima facie-** (met die eerste oogopslag) aanduiding van die **oogmerk** van die wetgewing en moet met omsigtigheid benader word.

Ex consequentibus

Hierdie reël bepaal dat indien wetgewing 'n bepaalde **gevolg verbied, geïmpliseer** word dat dit waardeur die **gevolge veroorsaak** word, ook

---

[53] Artikel 24 van Wet 116 van 1976 het bepaal dat 'n veronregte onderwyser binne **drie maande** na die optrede van die SAOR teen hom, appèl by die Hooggeregshof kon aanteken. Omdat binne drie maande uitdruklik voorgeskryf word, word aangeneem dat 'n tydperk van byvoorbeeld, ses maande, nie bedoel was nie. Daar is reeds genoem dat die jongste wetgewing in dié verband, weens verskeie redes, nie vir hierdie wyse van statutêre appèl voorsiening maak nie.

verbied word. Transaksies wat naamlik op 'n bedrieglike wyse aangegaan word om 'n verbode gevolg langs 'n skynbaar wettige omweg te bereik, word verbied.[54]

Die teenoorgestelde geld ook. Waar 'n bepaalde handeling of gevolg toegelaat of vereis word, is dit **inbegrepe** dat dit ook alles toelaat of vereis wat **redelikerwys** nodig is om so 'n gevolg teweeg te bring om die handeling doeltreffend te verrig. Die onderliggende beginsel is elke keer of die handeling of gevolg op 'n **effektiewe** wyse kan geskied.

Ex accessorio eius, de quo verba loquuntur

Hierdie reël vloei op 'n logiese wyse uit die **ex consequentibus**-reël. Dit beteken dat indien 'n wet 'n **hoofsaak** verbied (of vergun), dit **inbegrepe** is dat die **bykomende** of **ondergeskikte** sake ook verbied (of vergun) word. Waar magtigende wetgewing 'n bevoegdheid verleen, verleen dit ook by **implikasie** daardie bevoegdhede wat **redelikerwys** nodig is om die hoofdoel te bereik.[55]

6.3.2. Analogiese uitleg

Hierdie uitlegwyse behels die uitbreiding van wetsbepalings van een geval na 'n **analogiese** geval waar daar in die **taal** nie **uitdruklik** vir so 'n geval voorsiening gemaak is nie. Indien die **oogmerk** van die wetgewing dus **ook** betrekking het op die analogiese gevalle, moet die bepalings van die wetgewing dienooreenkomstig uitgebrei word. Hierdie metode word egter nie algemeen toegepas in die howe nie aangesien dit in die meeste gevalle neerkom op 'n aanvulling van 'n **casus omissus.**[56]

---

[54] 'n Algemene voorbeeld wat hier gebruik kan word is dat waar ons reg skenkings tussen gades verbied, die transaksie waarby een gade iets aan 'n derde party gee sodat daardie derde party dit op sy beurt aan die ander gade kan gee, ook deur die verbod gedek word.

[55] In aansluiting met wat hierbo onder die bespreking van die skoolhoof se bevoegdhede en die delegasie daarvan, opgemerk is word onder hierdie uitlegreël bepaal dat **versweë of hulpbevoegdhede** eintlik die betekenis van **noodsaaklike bevoegdhede** dra. In **Brakpan Town Council v. Burstein** 1932 TPD 336 is ook bepaal dat slegs bevoegdhede wat **redelik noodsaaklik** is vir die uitoefening van die hoofdoel, as **geïmpliseer** beskou mag word. Die **versweë of hulpbevoegdhede** van die skoolhoof wat ook as **noodsaaklike bevoegdhede** beskou kan word, sal dus by **implikasie** inbegrepe wees. Hierdie siening klop met die bespreking hierbo ingevolge waarvan hierdie bevoegdhede **redelikerwys** noodsaaklik is vir **doeltreffende skoolbeleid en -bestuur.**

[56] In die bekende **Dadoo**-saak wat hierbo bespreek is, het die hof juis geweier om analogiese uitleg toe te pas ten einde die **casus omissus** in die wet te vermy. Die vraag was eintlik nie na analogiese uitleg nie maar na **woordwysiging** aangesien die leemte in die teks aangevul moes word. Die bespreking van modifiserende uitleg hieronder sal hierdie saak in perspektief stel.

6.4. **Modifiserende uitleg** (woordwysiging)

Soos reeds hierbo opgemerk is, verskil **woordwysigende uitleg** van uitgebreide en beperkende interpretasie. In die laasgenoemde gevalle raak die uitbreiding of beperking slegs die **betekenis** van die woorde terwyl in die eerste geval, fisiese byvoeging of weglating van woorde gedoen word om uiting te gee aan die duidelike **oogmerk** van die wetgewing. Dit gaan dus hier, prakties gesproke, om die **werklike invoeging, weglating of wysiging van woorde.**

Ingevolge die suiwer **tekstuele** benadering, die oordrewe **letterlike verknogtheid,** en weens ander redes wat hierbo genoem is, was die howe nie bereid om hierdie wyse van uitleg toe te pas nie.[57] In 'n groot aantal beslissings is taalgebreke wel reggestel en in ander gevalle was die howe bereid om selfs 'n **casus omissus** aan te vul.[58]

Die howe sal egter nie **goedsmoeds** van modifiserende uitleg gebruik maak nie. Slegs indien dit seker is dat die duidelike **oogmerk** van die wetgewing nie deur die **gewone betekenis** van die woorde weerspieël word nie en die woorde vatbaar is vir modifiserende uitleg, sal dit toegepas word.[59]

Op die vraag na die **omvang** van woordwysiging wat deur die howe toegepas kan word, moet gesê word dat dit beperk word tot **minder radikale en minder uitgebreide** wysigings. Strafbepalings of beswarende bepalings is faktore wat die omvang van woordwysiging kan **beperk.** Verder moet in ag geneem word dat die **regsvermoede** teen kragtelose of doellose wetgewing 'n sterk oorweging **ten gunste van** modifiserende uitleg is.

Opsomming

Indien die gewone betekenis van die teks nie ingevolge die kontekstuele benadering die duidelike oogmerk van wetgewing weerspieël nie, kan sekere wysigings aangebring word.

---

[57] Hierdie houding van die howe het naamlik aanleiding gegee tot die berugte **Dadoo**-uitspraak.

[58] 'n Paar hofsake wat in dié verband genoem kan word is: **Alli v. Pretoria Municipal Council** 1908 TS 1120; **Skinner v. Palmer** 1919 WLD 39; **Trivett & Co (Pty) Ltd v. WM Brandt's Sons & Co** 1975 3 SA 423 (A); **Glen Anil Development Corporation Ltd v. Secretary for Inland Revenue** 1975 4 SA 715 (A); **Klipriviersoog Properties (Edms) Bpk v. Gemeenskapsontwikkelingsraad** 1984 3 SA 715 (A).

[59] Soos hierbo opgemerk is kan daar ook van duidelike, ondubbelsinnige woorde afgewyk word indien dit nie die oogmerk van wetgewing volg nie.

In die geval van die verskillende aanwendings van beperkende en uitbreidende interpretasie, word die betekenis van woorde ingeperk of uitgebrei, na gelang van geval, om ooreen te stem met die oogmerk van die wetgewing.

Modifiserende uitleg is 'n drastiese wyse van uitleg aangesien woorde bygevoeg of uitgelaat en leemtes aangevul word ten einde die teks in ooreenstemming met die oogmerk van die wetgewing te bring. Hoewel woordwysigende uitleg slegs in uitsonderlike gevalle toegepas word sal die regsvermoede teen kragtelose en doellose bepalings, 'n gunstige aanduiding vir die toepassing daarvan wees.

6.5. Riglyne by gebiedende en aanwysende wetsbepalings

Wanneer 'n wet die **wyse** voorskryf waarop 'n handeling verrig moet word, of dit **verbied**, is dit soms nodig om vas te stel wat die **gevolge** sou wees indien so 'n handeling **nie** volgens die voorgeskrewe bepalings plaasgevind het nie. Indien die wet duidelik bepaal dat so 'n handeling **nietig** is, ontstaan geen probleme nie. Die probleem ontstaan egter sodra wetgewing **nie** duidelik bepaal of so 'n handeling nietig sal wees nie.[60]

Waar wetgewing dus nie duidelike aanwysings gee nie moet vasgestel word of die bepalings **gebiedend** of **bepalend** is.[61] In die geval van nie-nakoming van gebiedende bepalings, kan dit beteken dat die handeling wat byvoorbeeld gebiedende voorvereistes ignoreer, as ongeldig beskou sal word.

Aangesien die duidelike **oogmerk** van die wetgewing steeds deurslaggewend is word daar sekere **riglyne** of "toetse" vasgelê om die uitlegger in hierdie verband te help. Hierdie riglyne is **nie** regsreëls nie maar

---

[60] 'n Nietige handeling (**ab initio** nietig – uit die staanspoor nietig) word geag geen bestaan in die reg te hê nie. 'n Administratiewe handeling wat gebrekkig is (die terme "ongeldig" word soms gebruik en kan verwarring skep) is nie nietig nie maar **vernietigbaar.** Met ander woorde, dit bly in werking (geldig) **totdat** dit deur 'n bevoegde hoër orgaan **ongeldig** verklaar word. Die belang van hierdie onderskeid is dat 'n nietige handeling deur die individu geïgnoreer kan word terwyl dit nie in die geval van 'n vernietigbare handeling so is nie; altans nie totdat dit ongeldig verklaar word nie. **Geldige** en **ongeldige** handelinge is hierbo onder geldigheidsvereistes en staatsaanspreeklikheid bespreek.

[61] Soos hierbo tereg genoem is, moet alle statutêre bepalings streng gesproke, as **gebiedend** beskou word. Die vraag wat eerder gevra moet word is of die orgaan wat die wetsbepalings moet uitvoer, **bevoeg** is om in hierdie gevalle daarvan **af te sien.**

bloot **pragmatiese oplossings met oortuigingskrag.** Hoewel daar 'n groot verskeidenheid riglyne bestaan word slegs 'n paar hier genoem:[62]

- die woord "moet" dui gewoonlik op 'n gebiedende bepaling en nie-nakoming daarvan kan tot nietigheid lei;
- 'n bepaling in 'n negatiewe vorm, soos, "niemand mag" word eerder gebiedend as aanwysend beskou;
- 'n bepaling in positiewe taal gestel, waarby geen strafsanksie in die geval van nie-nakoming gemeld word nie, kan bloot as aanwysend beskou word;
- indien strenge navolging van die bepaling tot onreg of selfs bedrog kan lei en geen strafsanksie of nietigheidsbepaling ingevoeg is nie, word vermoed dat die bepaling geldig kan wees;[63]
- as die vryheid van die individu op die spel is sal op die gebiedende aard van die bepaling klem gelê word: natuurlik moet dit dan tot voordeel van die individu strek;[64]
- die byvoeging van strafbepalings by 'n verbod of gebod, verhoog die vermoede ten gunste van nietigheid. Die toevoeging van 'n strafsanksie kan egter ook beteken dat die straf voldoende is sonder dat die wetgewer ook die handeling nietig wil verklaar.[65]

Verwys na die bronnelys vir meer inligting.

---

[62] Hierdie riglyne is, onder andere, in **Sutter v. Scheepers** 1932 AD 173 en **Pio v. Franklin** 1949 3 SA 442 (K) uiteengesit.

[63] Hierdie riglyn beteken eintlik dat 'n geldigheidsbedoeling in hierdie gevalle verkiesliker is omdat **nietigheidsverklaring** groter ongerief en meer onwenslike gevolge as die **verbode** of afwykende handeling self, sou veroorsaak.

[64] 'n Algemene voorbeeld is dat selfs in die geval waar 'n **verbode** immigrant **in aanhouding** is, die skriftelike verskaffing van redes vir sy aanhouding, **gebiedend** is. Desnieteenstaande die feit dat hy in beginsel nie hier mag wees nie, beteken nie dat sy vryheid onder hierdie bepaalde omstandighede nie regtens gerespekteer en beskerm moet word nie: **Macara v. Minister of Information, Immigration and Tourism** 1977 2 SA 264 (R).

[65] Soms ag die wetgewer sekere bevele of verbode handelinge van uiterste belang, en om sy afkeur en ongeduld met so 'n handeling aan te dui, word 'n strafbepaling bygevoeg. In so 'n geval word die **nietige** handeling ook met 'n **bykomende straf** belas: **Rooiberg Minerals Development Co Ltd v. Du Toit** 1953 2 SA 505 (T). In ander gevalle sou die handelinge wat verbied word en met 'n strafbepaling belas word, bloot 'n **ongeldige handeling** (vernietigbaar) wees en nie **nietig** nie. In hierdie geval sou straf as afskrikmiddel teen die ongeldige handeling, as voldoende geag word: **Eland Boerdery (Edms) Bpk. v. Anderson 1966 4 SA 400 (T).**

Opsomming

Die algemene riglyne of toetse word hoofsaaklik aangewend waar na aanwysende of gebiedende bepalings gevra word. In hierdie gevalle maak die teks nie duidelik melding van die gevolge wat onder sulke omstandighede by nie-nakoming van die bepalings intree nie.

Die riglyne moet bloot as toetse met oorredingskrag beskou word: die duidelike oogmerk van die wetgewing bly steeds die oorheersende faktor.

DEEL TWEE RIGLYNE VIR DIE PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE UITLEGREËLS

7. INLEIDING

In die eerste afdeling is die **teoretiese** materiaal wat die vakgebied **afbaken** en die verskillende **uitlegwerkswyses** uiteensit, aan die voornemende wetsuitlegger bekendgestel. Hierdie **werkgereedskap** word aangewend om bepaalde **praktiese** probleme of situasies te verduidelik of op te los. Die praktiese aanwending van hierdie teoretiese werkgereedskap word **konkretisering** genoem.

Aangesien daar in hierdie werk klem gelê is op die **administratiewe bestuurshandelinge** van die **skoolhoof,** is dit gepas om hierdie besondere **administratiewe wetgewende maatreëls,** wat die skoolhoof se bevoegdhede en funksies reël, te ondersoek.

Die uiteensetting wat in hierdie ondersoek voorgestel word, bied **geensins** 'n modelwerkswyse nie maar kan slegs **riglyne** vir 'n stap-vir-stap metode bied.[66]

---

[66] Elke uitlegprobleem moet individueel beoordeel word. Indien die skoolhoof byvoorbeeld 'n bepaling in ondergeskikte wetgewing uitlê, sal hy nie die hulpmiddels op dieselfde wyse as in die geval van parlementêre wetgewing, aanwend nie. Die inwendige hulpmiddel wat na die teks in die ander amptelike taal verwys, kan as voorbeeld geneem word. In die geval van 'n **parlementêre** wet sal die teks wat deur die Staatspresident onderteken is deurslaggewend wees in die geval van 'n onversoenbare teenstrydigheid tussen die tekste. By **regulasies** moet albei tekste in **alle** gevalle saamgelees word en in die geval van 'n onversoenbare teenstrydigheid word die teks wat die voordeligste uitleg gee, gevolg.

8. DIE PRAKTIESE WERKSWYSE

8.1. Wetgewing in kontekstuele perspektief deur die aanwending van uitleghulpmiddels

Wanneer die skoolhoof die **juridiese** betekenis van 'n sekere bepaling in die **Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie** wil vasstel, is die reëls van uitleg van toepassing: die bepalings van die Interpretasiewet geld ook vir alle **maatreëls** wat die krag van **wet** het, tensy anders bepaal word. **Interne wetgewing** reël natuurlik by uitstek **interne administrasie en beleid**, en soos reeds genoem is, sal die howe slegs in uitsonderlike gevalle tussenbeide tree en in elk geval **nie uitspraak lewer oor skoolbeleid nie.**[67] Daar kan dus gesê word dat indien interne organe en beheerliggame **nie intern** 'n oplossing vir 'n uitlegprobleem kan gee of die situasie verduidelik nie, die howe genader kan word om die uitleggeskil op te los of regsadvies daaroor te verleen.[68]

Die wetgewing wat **direk** hier ter sprake kom, is die **Handleiding wat as interne ondergeskikte** wetgewing bekend staan.[69] In Hoofstuk 5 word die **Funksies en Pligte van die Onderwyspersoneel** uiteengesit, met die bevoegdhede, funksies en verpligtinge van die skoolhoof onder punt 5.1. Punt 5.1 moet in **konteks** gesien word en moet dus binne die raamwerk van die **Handleiding** in sy **geheel** vertolk word.

Hierdie **departementele** reëls en voorskrifte wat op die skoolhoof in sy **amptelike hoedanigheid** van toepassing is, word **interne ondergeskikte wetgewing** genoem. Ondergeskikte wetgewing is onderhewig aan

---

[67] Kyk weer na die bespreking van beheer oor administratiewe handelinge en veral ook na die verwysing na die Menloparkse Hoërskool se bestuursraad-aangeleentheid. In hierdie geval, wat in beginsel oor die uitleg van die bevoegdhede van **'n skoolbestuursraad** ten aansien van sportbeleid gegaan het, het die hof nie ingemeng nie. Selfs die Minister het hom weerhou van 'n besluit oor die interne sportbeleid van die skool. Die vraag of die bestuursraad wel 'n behoorlik verkose en verteenwoordigende liggaam was, skep natuurlik ook uitlegprobleme.

[68] Dit kan gebeur dat die uitleg van 'n wet in **geskil** kom ingevolge waarvan die hof dan, nadat die **interne beheerliggame** nie 'n bevredigende oplossing kon bied nie, 'n **beslissing** vel wat gesaghebbend sal wees. In ander gevalle kan die hof natuurlik genader word om sy **opinie** oor 'n uitlegvraag te gee: hierdie opinie is **nie** 'n beslissing nie. Die howe sal nogtans in die meeste gevalle weier om 'n opinie oor die uitleg van skoolbeleid te gee. Kyk weer na die bespreking onder geregtelike kontrole en die vereistes van 'n regsprekende handeling.

[69] Soos ook hierbo genoem is, word die 1986-**Handleiding** van die Transvaalse Onderwysdepartement gebruik. Soortgelyke voorskrifte geld in die ander provinsies.

hoofwetgewing, wat in hierdie geval ander **hoër** (tweedevlak) ondergeskikte wetgewing, soos ordonnansies, en **sentrale** wetgewing soos parlementêre wette, insluit. Die hoofwetgewing is derhalwe op 'n **indirekte** wyse van toepassing en maak ook deel uit van die wye **kontekstuele** uitlegbenadering wat gevolg moet word.[70]

8.2. Die suiwer tekstuele benadering

Indien die suiwer **tekstuele** (letterlike) benadering gevolg sou word, sou slegs na die letterlike betekenis van die besondere woorde of sinsnedes wat onder punt 5.1 in die **Handleiding** bevraagteken word, verwys word. Hierdie eng uitlegwyse sou verhoed dat die ander **intra-tekstuele hulpmiddels** soos, onder andere, die teks in die ander taal, die aanhef, paragrawe en bylaes, in ag geneem word en sou ook die **ekstra-tekstuele hulpmiddels,** naamlik die "omringende" onderwyswetgewing, die geskiedenis van die wetgewing, voorafgaande beraadslagings oor die **Handleiding,** verslae van kommissies van ondersoek daaroor en die Interpretasiewet met die tersaaklike bepalings, verontagsaam. Al hierdie **kontekstuele hulpmiddels** (intra- en ekstra-tekstueel) sou eers wanneer die betekenis van die woorde in punt 5.1 onduidelik en dubbelsinnig was en nie die bedoeling van die wetgewer weerspieël nie, toegepas kon word.

Opsomming

Ten einde die juridiese betekenis van die bevoegdhede, funksies en verpligtinge van die skoolhoof in kontekstuele verband te vertolk, moet die betrokke wetgewing in die geheel, maar ook in wyer konteks bestudeer word om die breë spektrum van onderwyswetgewing waarin die bevoegdhede en funksies van die skoolhoof gereël word, asook ander omringende omstandighede, in te sluit.

Al hierdie interne en eksterne hulpmiddels word aangewend om die oogmerk van die wetgewing in kontekstuele verband, vas te stel. Slegs op hierdie wyse kan die uitlegproses **voltooi** word. Indien die tekstuele benadering gevolg is sou die kontekstuele betekenis eers ter sprake gekom het wanneer die letterlike betekenis gebrekkig was.

---

[70] Die hoofwetgewing **magtig** ondergeskikte wetgewing en bepaal die **omvang** van die orgaan se bevoegdhede in die bepaalde geval.

8.3. Die inherente grondreëls in die uitlegproses

Wanneer die skoolhoof se bevoegdhede binne die **kontekstuele oogmerk** van die wetgewing uitgelê word, moet sekere inherente reëls deurgaans in gedagte gehou word. Die **regsvermoedens**, as gemeenregtelike billikheidsreëls, is in werklikheid "ingebou" in wetgewing en moet rigtingwysers wees in die bepaling van die oogmerk van die wetgewing. Byvoorbeeld, indien punt 5.1 uitgelê kan word op 'n wyse wat dele van die **Handleiding** doelloos of kragteloos laat, word die regsvermoede teen sulke kragtelose bepalings aangewend **tensy** uitdruklik anders bepaal word; die regsvermoede ten gunste van die bevordering van die openbare belang kan ook in bepaalde gevalle aanwending vind indien die uitleg van die skoolhoof se bevoegdhede kon lei tot onbekwame optrede wat nie die openbare belang (van onder andere, die leerlinge, ander onderwysers en ouers) dien nie. Al die ander regsvermoedens moet op dieselfde wyse aan die **oogmerk** van die betrokke wetgewing getoets word ten einde billike en regverdige uitleg te verseker.

Die ander grondreëls moet ook **deurentyd** in gedagte gehou word, byvoorbeeld: die **normale betekenis** van woorde onder die besondere omstandighede; geen **byvoeging of weglating** tot die teks; die handhawing van 'n **balans** tussen teks en konteks.[71] Die grondreëls is inherente reëls van uitleg maar **onderhewig** aan die **oogmerk** van die wetgewing. Indien die uitleg van punt 5.1 duidelik **nie** die skoolhoof se bevoegdhede uitspel soos dit uit die kontekstuele oogmerk van die wetgewing verstaan word nie, kan afgewyk word van die **betekenis** van die woorde (beperkende of uitgebreide uitleg), of kan **fisiese** woordwysiging (modifisering) plaasvind.

Opsomming

Al die grondreëls word uit die staanspoor van, maar ook dwarsdeur die uitlegproses in gedagte gehou om die duidelike oogmerk van die wetgewing vas te stel. Dit wil sê, terwyl die uitlegger die toepassing van die verskillende hulpmiddels op die spesifieke geval ondersoek, moet hy steeds bedag wees op die grondreëls van die uitlegproses.

Die toepassing van die regsvermoedens kan slegs uitdruklik of by noodwendige implikasie deur die wetgewing uitgesluit word. Die ander grond-

[71] Om die **normale** betekenis van woorde in die besondere geval te bepaal, sal mens op hierdie stadium van die uitlegproses ook aandag moet skenk aan die **riglyne** wat vir gebiedende of aanwysende wetsbepalings geld. Byvoorbeeld, sou die gebiedende aard van die woord "moet" onder dié omstandighede as die normale betekenis beskou kan word?

reëls sorg ook dat uitleg wel binne die perke van **interpretasie** ingevolge die oogmerk van die wetgewing bly, en nie aanmatigend **wetgewend** word nie.

8.4. Oorbrugging na die besondere praktiese situasie

Die resultate wat tot dusver in die uitlegproses verkry is, kan as **moontlike** antwoorde of oplossings vir die probleem beskou word. Dit moet egter in verband gebring word met die **werklike situasie** waarin die bepalings van die wetgewing toepassing vind. Met ander woorde, die formele maar voorlopige antwoorde moet deur middel van **konkretisering** op die werklike praktiese geval toegepas word. Die formele oplossings moet dus **vergelyk** word met die oplossings wat in die praktiese probleemsituasie moontlik is.[72]

As gevolg van die verskillende praktiese situasies waarin wetgewing moet funksioneer, is dit onmoontlik om vir al hierdie gevalle voorsiening te maak. Indien dit duidelik word dat die **oogmerk** van die wetgewing soos dit binne **kontekstuele** verband vasgestel is, **nie** deur die woorde van die teks op die spesifieke **praktiese situasie** oorgedra kan word nie, moet sekere **wysigings** in die teks ingelees word om "versoening" tussen die praktiese situasie aan die een kant, en die bepalings van die wetgewing aan die ander kant, te bereik. In sulke gevalle kan die **betekenis** van die woorde uitgebrei of beperk word, terwyl in ander gevalle **leemtes** aangevul of **oortollige** woorde weggelaat word.

Die genoemde uitlegwyses (uitgebreide, beperkende en modifiserende uitleg) wat in hierdie stadium ter wille van "logiese korrelasie" en "versoening" toegepas word, is natuurlik onderhewig aan die **oogmerk** van die wetgewing in **kontekstuele** verband, soos dit **gekorreleer** word met die besondere praktiese omstandighede. Dit wil sê, die oogmerk van die wetgewing kan, onder hierdie omstandighede, slegs deur middel van die **wysigingsmetodes** op die praktiese situasie **oorgedra** word.[73]

---

[72] 'n Hipotetiese voorbeeld wat dalk hier genoem kan word is dat skoolhoofde in **beginsel** dieselfde bestuursbevoegdhede en -funksies het maar verskillende omstandighede by die uitvoering daarvan in aanmerking geneem moet word. Tot op hierdie stadium in die uitlegproses is hierdie bevoegdhede vertolk soos dit op **alle skoolhoofde** van toepassing is. Die praktiese situasie waarin die skoolhoof op 'n klein plattelandse laerskooltjie sy bevoegdhede moet uitoefen verskil egter van dié van die hoof in 'n stedelike laerskool. Dit wil sê, die betrokke skoolhoof se **besondere praktiese** situasie moet nou in ag geneem word.

[73] Wetgewing moet in die gemeenskap funksioneer: dit wil sê, dit het werking binne die **omgewingsmilieu.** Die oogmerk van wetgewing moet dus nie slegs teoreties bestaan en vasgestel word nie maar moet voortleef in die praktiese toepassing van die wetgewing.

In die meeste gevalle gebeur dit dat daar nie verskillende of botsende moontlikhede gedurende hierdie stadium opduik nie. Korrelasie deur middel van die bogenoemde **wysigingsmetodes** is dan onnodig. Daar kon byvoorbeeld al tydens dit uitlegproses 'n duidelike oplossing uitgekristalliseer het wat dan net oorgedra word op die praktiese situasie.

8.5. Die finale oplossing of verduideliking

Of die oplossing reeds dwarsdeur die proses duidelik was en of die korrelasie nou eers op hierdie laat stadium plaasgevind het, die uitlegger moet steeds 'n **finale oplossing** vir sy probleem vind. Die oplossing moet nou **gematerialiseer** word en ten einde dit te bewerkstellig, moet dit aan die **regsvermoedens** getoets word.[74] Dit is natuurlik moontlik dat die toepassing van regsvermoedens op hierdie stadium uitgesluit word, naamlik, waar die wet bepaal dat die staat gebind word deur die wetsbepalings of dat die bepalings terugwerkende krag het.

Opsomming

Hierdie stapsgewyse aanbieding van die uitlegproses bied **geen** towerformule vir wetsuitleg nie. Verskillende interpretasies van dieselfde wet en verskillende gevolge, kan steeds voorkom. Daar kan veral tydens konkretisering 'n mate van subjektiwiteit voorkom. Die wetsuitlegger sal altyd voor keuses te staan kom maar keuse-uitoefening moet regsgebonde wees en daarom mag daar nie arbitrêr opgetree word nie.

---

[74] Daar is reeds hierbo genoem dat regsvermoedens deel vorm van die **juridiese werklikheid** en juis dáárom deel vorm van **konkretisering.**

BRONNELYS

Cockram, G-M. 1987. *Interpretation of Statutes.* Derde uitgawe. Kaapstad: Juta en Kie.

Cowen, D.V. 1980. The interpretation of statutes and the concept of "the intention of the legislature". *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* (43) 374. Durban: Butterworth.

Du Plessis, L.M. 1986. *The Interpretation of Statutes.* Durban: Butterworth.

Steyn, L.C. 1981. *Uitleg van Wette.* Vyfde uitgawe. Kaapstad: Juta en Kie.

Universiteit van Suid-Afrika. 1987. *Uitleg van Wette.* Studiegids (IST100-T). Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.